

Aandenkings vir die gaste

foto's TREVOR BARRETT

tafeldoek JOHN ORR'S, Musgrave-sentrum



AFKORTINGS: ks kettingsteek; kb kortbeen; lb langbeen; gl glip; gs glipsteek; herh herhaal; vlg - volgende; alt - alternatiewe; grh garing rondom hekel pen; st(e) steek (steke); dsl - dubbelslagsteek.

1. BLOU-EN-WIT MANDJIE

BENODIGDHEDE: Ongeveer 10 g ligblou Tridalia Nr. 5; bietjie wit Tridalia Nr. 5; hekelpen van 2 mm.

AANWYSINGS: Knip 4 stukke blou Nr. 5 elk 40 cm lank, en plaas hulle netjies langs mekaar om werk mee te verstewig.

BODEM: Begin met blou Nr. 5 enkel, en hekel 6ks, verbind met gs om ring te vorm.

1e rondte: Hekel kortbeen, maar bedek terselfdertyd die 4 stukke garing, wat kortbeenwerk aansienlik sal verstewig, soos volg: 12 kb, om 4 drade, in ring, en moenie vasglijpsteek aan einde van rondte nie, maar gaan spiraalvormig voort tot 4 rondtes voltooï is, soos volg:

2e-4e rondte: (2kb in vlg st, 1kb in daaropvlg st) tot einde van 4e rondte. Plaas dié 4 drade aan agterkant van werk en glijpsteek aan volgende steek vas om rondte te beëindig; knip garing af en werk netjies af. Knip 4 verstewigende drade af ongeveer 5 mm van laaste steek af.

WAND: Knip 4 drade, elk 140 cm, om wand van mandjie mee te verstewig. Hekel 12 ks met garing enkel, draai, en hekel 1 kb in 2e ks vanaf hekelpen, oor 4 verstewigende drade; hekel voort met *1 kb in elk van vlg 11 ks, 1 draai-ks.* Hekel voort in rye, herh van * tot * tot werk 14 cm lank is — 34 rye.

Knip garing af en werk basisry met naald en garing aan afhegry vas, en werk ook bodem met naald en garing in posisie vas.

HANDVATSEL: Hekel 37 ks met blou garing enkel, hekel 36 kb aan een kant van basisry, gs om te draai en hekel gs oor ander

kant van ks-basisry. Knip garing af. Hekel met wit 'n ry glijpsteke oor albei kante van handvatset, en knip garing af. Knip 4 drade wit garing, elk 50 cm lank, en plaas hulle twee-twee langs mekaar. Knip ook 2 blou drade dieselfde lengte. Vleg hulle ineen om versierselkoordjie te vorm om mandjie mee af te werk. Werk handvatset met naald en garing in posisie aan mandjiewand vas, en werk siervlegsel aan bo- en onderrand van mandjie vas soos op foto gesien kan word.

2. LANGWERPIGE GEEL MANDJIE

BENODIGDHEDE: Ongeveer 10 g liggeel Tridalia Nr. 5; hekelpen van 2 mm.

AFKORTINGS: Raadpleeg kassie.

BODEM: Gebruik garing enkel en hekel 'n basisry van 17 ks, draai en hekel 16kb in een kant van basisry, 2kb om na tweede kant van basisry te draai, dan 15 kb in teenoorgestelde kant van basisry, en 2kb in laaste steek. Sluit rondte met 'n glijpsteek. Hekel nog een rondte kb, met 3kb in middelste steek van elke draaipunt. Sluit met glijpsteek.

Moenie garing afknip nie, maar begin wand van mandjie soos volg:

WAND: Knip 4 stukke garing, elk ongeveer 140 cm lank, en plaas hulle langs mekaar soos uiteengesit om werk te versterk. Hekel 1 rondte kb oor dié 4 versterkingsdrade en hekel nog 1 rondte kb sonder vermeerderings, ook oor versterkingsdrade.

Die hele mandjiewand word oor dié versterkingsdrade gehekel.

3e rondte: Hekel voort soos gestel, met 2kb in middelste steek aan teenoorgestelde vermeerderingspunte.

4e rondte: Soos gestel, maar sonder vermeerderings.

5e-7e rondte: Soos 3e rondte,

8e-9e rondte: Soos 3e en 4e rondte.

10e rondte: Soos gestel, maar sonder vermeerderings.

11e rondte: Deurgaans glijpsteek. Knip garing af en werk af.

HANDVATSELS: Bepaal middelpunt van rand van mandjie, steek hekelpen van binnekant af deur na buite, 1 cm vanaf middelpunt, in boonste ry en heg draad vas. Hekel 10ks, en heg eindpunte 1 cm verby middelpunt gelyk met vashegpunt vas.

Knip 3 stukkie garing, effens langer as handvatset van 10ks, en plaas garing langs handvatset. Hekel nou 20kb oor handvatset en versterkingsdrade, en eindig met 1 steek in borand van mandjie. Knip garing af en werk netjies af.

Hekel 2e handvatset op dieselfde manier.

3. GEEL MANDJIE MET GROOT HANDVATSEL

BENODIGDHEDE: Ongeveer 10 g liggeel Tridalia Nr. 5; hekelpen van 2 mm.

AFKORTINGS: Raadpleeg kassie.

BODEM: Dit is 5 x 3,5 cm groot en word oor 4 versterkingsdrade gehekel. Begin soos uiteengesit vir mandjie nr. 2, maar begin met wand sodra boom verlangde grootte van 5 x 3,5 cm bereik het.

WAND: Hekel 1 rondte lb om al vier kante sonder vermeerderings. Hekel nog 6 rondtes reliëflangbeen.

1e en 2e rondte: Deurgaans 2 steke aan voorkant en 1 agterlangs, soos volg: *grh, steek hekelpen van voor af en van regs na links om stafie van langbeen in vorige ry, trek 'n lus op en hekel dan 'n langbeen soos gewoonlik; herh van * nog een keer. Steek hekelpen van agter af van regs na links om stafie van vlg lb en hekel nog 'n reliëflb soos uiteengesit. Hekel so voort tot einde van 2e rondte.

3e en 4e rondte: Verspring voor- en agterposisie van steke (sien foto) d.w.s. steek wat agter was moet nou tussen voorste twee steke geplaas word en twee aan voorkant, weerskante van steek aan agterkant, om soos mandjievlegwerk te lyk.

5e en 6e rondte: Keer terug na oorspronklike posisie en hekel soos gestel.

7e rondte: Deurgaans kb van links na regs om 'n sierlike koordafwerking te verkry.

HANDVATSEL: Soos uiteengesit vir mandjie nr. 1, en werk dit binne by middelpunte van lang rande, ongeveer 1 cm benede rand, aan mandjie vas.

4. PIENK MANDJIE MET DEKSEL

BENODIGDHEDE: Ongeveer 10 g pienk *Tridalia* Nr. 5; hekelpen van 2 mm.

AFKORTINGS: Raadpleeg kassie.

BODEM: Word met enkel draad garing oor 3 versterkingsdrade, elk ongeveer 40 cm lank, gehekel. Begin met 13 ks; draai, 1kb in 2e ks vanaf hekelpen, hekel 1kb rondom versterkingsdrade in elke ks tot einde, maar hekel 3kb in laaste steek om in rigting van teenoorgestelde kant van basisry te draai, hekel dan 1kb op dieselfde manier oor teenoorgestelde kant, en 2kb in laaste steek — daar is dus ook 3kb in teenoorgestelde punt.

2e rondte: *2kb in elk van 3kb in punt, 1kb in elk kb tot ander punt; herh van * tot einde.

3e rondte: *10kb in 6kb van punt van vorige rondte, kb in kb tot vlg punt; herh van * tot einde.

4e rondte: *12kb in 10kb aan punt, 1kb in elke kb tot ander punt; herh van * tot einde, gs om rondte te sluit, maar moenie garing afknip nie.

WAND: Hekel 1 rondte sonder versterkingsdrade en steek hekelpen in agterste lus by steke van vorige rondte in om 'n riffel te vorm, sluit met glipsteek. Knip 3 stukke versterkingsdraad, elk ongeveer 1,40 m lank en hekel 6 rondtes kb oor versterkingsdrade. Sluit elke rondte met 'n glipsteek. Knip versterkingsdraad af 5 mm van laaste steek af en werk netjies af.

DEKSELFLAPPE (2 eenders): Begin met garing enkel en 7ks en hekel 6kb in basis-

ketting, 2 ste in laaste st. Hekel voort oor teenoorgestelde kant van basisry met 5kb, draai met 1ks en hekel voort soos uiteengesit vir bodem. Maak seker dat flap so groot soos helfte van bodem is.

Hekel tweede flap op dieselfde manier, en wanneer dit presies so groot soos eerste flap is, plaas kort, reguit rande teenmekaar en hekel met glipsteke aan mekaar vas. Werk aan weersk van mandjie vas (sien foto).

HANDVATSEL: Soos uiteengesit vir mandjie nr. 1.

5. VIERKANTIGE MANDJIE

BENODIGDHEDE: Ongeveer 10 g wit *Tridalia* Nr. 5; hekelpen van 2 mm.

AFKORTINGS: Raadpleeg kassie.

BODEM: Hekel 'n vierkant van 4,5 x 4,5 cm in rye.

Begin met 14 ks, 1kb in 2e ks vanaf hekelpen, 12 kb, draai.

2e-13e ry: Deurgaans kb.

Knip garing af.

WAND: Hekel elkeen van die vier wandpantjies afsonderlik in rye.

Heg garing by 'n hoek vas en hekel 1 kb in elke ry-einde. In die oorblywende kante hekel 1kb in elke kb.

2e ry: 1kb in agterste lus van elke kb van vorige ry, draai.

3e-6e ry: Oorkruis-lb, soos volg: 1lb, *slaan 1 st oor, 1lb in vlg kb, hekel vlg lb agterlangs in steek wat oorgeslaan is. Herh tot einde van 6e ry.

Knip garing af en voltooi oorblywende drie wandpantjies op dieselfde manier.

7. RONDE WIT MANDJIE

BENODIGDHEDE: Ongeveer 10 g *Tridalia* Nr. 5; hekelpen van 2 mm.

AFKORTINGS: Raadpleeg kassie.

AANWYSINGS: Knip 3 versterkingsdrade elk 40 cm lank en volg aanwysings vir bodem van mandjie nr. 1. Hekel in rondtes kb oor 3 versterkingsdrade tot bodem 3 cm in deursnee is.

WAND: Hekel 1 rondte lb, maar steek hekelpen slegs by agterste lusse van steke van vorige rondte in.

Hekel 3 rondtes soos volg: 1 reliëf-lb (soos uiteengesit vir mandjie nr. 3) 1ks, slaan 1 st oor; sluit rondte met gs, maar moenie die garing afknip nie.

HANDVATSEL: Hekel voort met 20 ks en glipsteek dit aan teenoorgestelde wand vas. Hekel 1 ry gs oor dié 20ks.

Knip garing af en werk netjies af.

8. WIT BLOMMEMANDJIE

BENODIGDHEDE: Ongeveer 10 g wit *Tridalia* Nr. 5; hekelpen van 2 mm.

AFKORTINGS: Raadpleeg kassie.

AANWYSINGS: Begin met 4 ks en hekel 17 lb in 1e ks — 18 lb.

BODEM: Hekel in agterste lus van elke steek, 2lb in elke st, heg dit aan 4e van 4ks vas. Knip garing af en werk netjies af.

Smal deel van mandjie: Heg garing aan voorste lus van langbeen vas.

1e rondte: 1kb in elke st — 18 kb. Knip nou drie stukke garing elk 40 cm lank vir versterking van vlg 5 rondtes kb, en hekel soos uiteengesit.

7e rondte: (1kb in vlg st, 2kb in daaropvlg st) 9 keer — 27 kb.

8e rondte: Deurgaans kb.

9e rondte: (2kb in vlg st, 1 kb in elk van vlg 2 ste) 9 keer — 36kb.

Verwyder versterkingsdrade.

10e rondte: 1kb in elke kb.

11e rondte: (1hbl in vlg st, 2dsl in elk van vlg 5 ste) 6 keer, gs tot in 1e hbl, knip garing af en werk netjies af.

HANDVATSEL: Soos uiteengesit vir mandjie nr. 1.

9. LIGPIENK MANDJIE

BENODIGDHEDE: Ongeveer 10 g ligpienk *Tridalia* Nr. 5; hekelpen van 2 mm.

AFKORTINGS: Raadpleeg kassie.

BODEM: Soos uiteengesit vir mandjie nr. 1, maar deursnee van boom 4 cm.

Knip garing af.


WAND: Die wand word in dwarste gehekel tot dié 14 cm lank is.

Basisry: 14ks, draai.

Vlg ry: Begin in 2e ks vanaf hekelpen en hekel slegs in agterste lusse van steke van vorige ry: 8gs, 5kb. Alle onewe rye word só gehekel.

Ewe rye: (1gs, 1ks, slaan 1 st oor) 3 keer, (1lb, 1ks, slaan 1 st oor) tot einde van ry. Hekel so voort tot wand lank genoeg is om by sy smalste deel rondom rand van bodem te pas. Werk wand met naald en garing aan bodem vas.

HANDVATSELS: Soos uiteengesit vir mandjie nr. 2.



Werk die vier synate met naald en garing toe en hekel 1 rondte glipsteek oor borand.

HANDVATSEL: Soos uiteengesit vir mandjie nr. 1.

6. BLOU MANDJIE

BENODIGDHEDE: 10 g ligblou *Tridalia*; hekelpen van 2 mm.

AFKORTINGS: Raadpleeg kassie.

AANWYSINGS: Gaan te werk soos uiteengesit vir mandjie nr. 4. Onthou om 1 st elke 2e rondte te vermeer in steke bokant 1e en laaste hoek-st, wanneer bodem gehekel word.

Hekel handvatsels soos uiteengesit vir mandjie nr. 2.